NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT EKSAMEN
MEI 2024

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig.
3. Beantwoord **EEN** vraag uit Afdeling A en **EEN** vraag uit Afdeling B.
4. Akkurate en voldoende feitelike kennis is noodsaaklik. Die vermoë om relevante inligting krities te gebruik om vrae te beantwoord, is net so belangrik.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae in die vraestel genommer is.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

IEB Copyright © 2024

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Skryf 'n beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering. Dit moet ongeveer 800–900 woorde lank wees.

VRAAG 1 DIE KOUE OORLOG

Ontleed die rol van die Volksrepubliek van China in die verandering van die magsbalans in die Koue Oorlog krities.

[70]

OF

VRAAG 2 BURGERLIKE OPSTAND IN SUID-AFRIKA

Ontleed die rol van die Swart Bewussynsbeweging in anti-apartheidsaktivisme gedurende die 1970's in Suid-Afrika krities.

[70]

OF

VRAAG 3 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Ontleed die rol van politieke en ekonomiese probleme se bydrae tot die ineenstorting van die Sowjetunie krities.

[70]

70 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFSTUK

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Die uitgebreide skryfstuk moet ongeveer 350–400 woorde lank wees. Jy moet jou eie kennis gebruik en jy mag ook na die stimulus verwys om die vrae te beantwoord. (Dis nie nodig om 'n woordtelling in te sluit nie.)

TEMA DIE KOUE OORLOG

VRAAG 4

Die foto hieronder, geneem op 12 Mei 1949, toon lede van die Amerikaanse vloot wat die einde van die Berlynse lugbrug vier.



[<https://www.defense.gov/News/Inside-DOD/Blog/article/2062719/the-berlin-airlift-what-it-was-its-importance-in-the-cold-war/>, verkry 26 Julie 2023]

Verduidelik waarom Duitsland 'n gebied van spanning tydens die Koue Oorlog geword het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het gelei tot die Berlynse Blokkade?

(b) Hoe het die Weste op die Berlynse blokkade gereageer?

(c) Watter impak het die Berlynse blokkade en lugbrug op Europa en die Koue Oorlog gehad?

[30]

IEB Copyright © 2024

OF

TEMA BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA

VRAAG 5

Die foto hieronder, geneem op 1 Maart 1985, toon 'n United Democratic Front-protesvergadering.



[<https://dam.media.un.org/CS.aspx?VP3=SearchResult&VBID=2AM94S626U3XT&PN=1&WS=SearchResults >, verkry 2 Oktober 2023]

Verduidelik die belangrikheid van interne weerstand in Suid-Afrika in die 1980's deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Watter grondwetlike hervormings het PW Botha in die 1980's in Suid-Afrika ingestel?

(b) Hoe het Suid-Afrikaners in die 1980's teen hierdie grondwetlike hervormings geprotesteer?

(c) Watter impak het hierdie weerstand op die apartheidstaat gehad?

[30]


IEB Copyright © 2024

OF

TEMA DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

VRAAG 6

Die spotprent hieronder, gepubliseer op 16 Oktober 2006 deur die Keniaanse spotprenttekenaar Gado (Godfrey Mwampembwa), beeld die reaksie van Afrika- en Asiatiese nasies op die Wêreldbank (WB) en Internasionale Monetêre Fonds (IMF) uit.



[<https://www.researchgate.net/figure/Cartoon-on-misguied-structural-reform-programs-of-IMF-and-World-Bank-and-the-impact-of_fig4_24113884>, verkry 29 Junie 2023]

Verduidelik die impak van die wêreld se finansiële instellings op Afrika deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het gelei tot die skepping van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), Wêreldbank (WB) en Wereld Handelorganisasie (WHO)?

(b) Hoe probeer die IMF, WB en WHO om die wêreld se ekonomieë te reguleer?

(c) Watter impak het die beleide van die IMF, WB en WHO op Afrika gehad?

[30]

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2024